



**NASIONALE
SENIORSERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2023

**GESKIEDENIS V2
NASIENRIGLYN**

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 22 bladsye.

1. BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

KOGNITIEWE VLAKKE	HISTORIESE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE
VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek inligting uit bronne. • Selektoring en organisasie van relevante inligting uit bronne. • Definieer historiese begrippe/terme. 	30% (15)
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Interpretasie van bewyse uit bronne. • Verduidelik inligting verkry uit bronne. • Analiseer bewyse uit bronne. 	40% (20)
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne. • Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel. • Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. 	30% (15)

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om 'n standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien.

1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die punttoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

Paragraafvraag

Paragraawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (✓) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

_____ * _____ * _____
 _____ * _____ * _____ ✓✓✓✓ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv.

32
50

- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. OPSTELVRAE**2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir *enige ander relevante antwoord*.

2.3 Globale assessering van die opstel

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 Assesseringsprosedures vir die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyn), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte by die assessering van 'n opstel.

P	Punt: Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/n duidelike hoofpunt. Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun.
E	Verduideliking: Die kandidaat moet in groter detail bespreek waarom die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is.
E	Voorbeeld: Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevant voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou.
L	Skakel: Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is.

2.4.4 Die volgende simbole **MOET** in die assessering van opstel gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie

^

- Verkeerde stelling

- Irrelevante stelling

|
|
|

- Herhaling

R

- Analise

A√

- Interpretasie

I√

- Argument

LOA↕

2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

- (a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

I	VLAK 4	

- (b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

I	VLAK 4	
A	VLAK 3	



- (c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

I	VLAK 4	}26–27
A	VLAK 3	

KOMMENTAAR

Sommige weglatings in inhoud-dekking.
Pogings om 'n argument vol te hou.

NASIENMATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50

	VLAK 7	VLAK 6	VLAK 5	VLAK 4	VLAK 3	VLAK 2	VLAK 1
AANBIEDING  INHOUD 	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun.	Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse.	Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie.	Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie.	Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie.
VLAK 7 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is.	47–50	43–46					
VLAK 6 Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is	43–46	40–42	38–39				
VLAK 5 Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant.	38–39	36–37	34–35	30–33	28–29		
VLAK 4 Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud.			30–33	28–29	26–27		
VLAK 3 Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.				26–27	24–25	20–23	
VLAK 2 Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal.					20–23	18–19	14–17
VLAK 1 Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud.						14–17	0–13

***Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:**

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; effense poging om die opstel te struktureer = 7–13

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**VRAAG 1: HOE HET VERSKILLEND ORGANISASIES IN SUID-AFRIKA TOT DIE GROEI VAN SWART NASIONALISME VANAF 1902 TOT DIE 1930's BYGEDRA?**

- 1.1 1.1.1 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 1A – V1]*
- Dit is 'n politieke en sosiale stelsel wat ontwerp is om groepe uitmekaar te hou
 - Om die behoud van wit politieke mag te verseker
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)
- 1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Die bereiking van eenheid onder Kleurlinge
 - Bevordering van onderwys
 - Opponeer klaswetgewing
 - Verdediging van die sosiale, politieke en ekonomiese regte van Kleurlinge (Enige 2 x 1) (2)
- 1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Hulle het albei teen die stigting van die Unie van Suid-Afrika betoog
 - Die feit dat die Unie van Suid-Afrika op segregasie en rassediskriminasie gebaseer was
 - Die vorming van die Unie van Suid-Afrika sal wit oppergesag verskans
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)
- 1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Verarming
 - Marginalisering van swart gemeenskappe (2 x 1) (2)
- 1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Konsep van die Wet op Naturellegond
 - Myn- en Werkerswet
 - Vorming van die Unie (3 x 1) (3)
- 1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Swart Suid-Afrikaners is nie gelyk behandel nie
 - Was nie gesien as burgers van Suid-Afrika nie
 - Onderworpe aan onderdrukking en swaarkry
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)
- 1.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika was swartes nie deel van die regering nie
 - Swart Suid-Afrikaners het geen politieke regte gehad nie
 - Om swart Suid-Afrikaners te mobiliseer om te veg teen die onregverdigde wette waaraan hulle onderwerp was
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

- 1.2.5 *[Interpretasie van die bruikbaarheid van bewyse uit Bron 1B – V3]*
Die bron is BRUIKBAAR omdat:
- SANNC is gestig om swart Suid-Afrikaners te verenig
 - Swart Suid-Afrikaners het rassediskriminasie ervaar
 - Hulle het hul grond verloor deur die Wet op Naturellegrond
 - Hulle is deur die wit regering as minderwaardig beskou
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)
- 1.3 1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
 • Clement Kadalie (1 x 1) (1)
- 1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Dit het 'n massa-gebaseerde organisasie geword
 - Die ICU het bestaan uit jeugdige leiers terwyl die SANNC-leierskap meestal konserwatiewe intellektuele was
 - Die ICU het 'n meer militante benadering tot die onregverdige wette gehad
 - Dit het direk 'n beroep gedoen op die ekonomiese belange van arm swart Suid-Afrikaners
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)
- 1.3.3 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 1C – V2]*
- Daar sou geen onderhandelinge met die onderdrukkers wees nie
 - Daar sal meer aktiewe weerstand wees in die vorm van stakings, boikotte en wegbly-aksies vir verbeterde werksomstandighede en beter lone
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)
- 1.3.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Om werksomstandighede te verbeter
 - Verkry hoër lone vir sy lede (2 x 1) (2)
- 1.3.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Het die bewussyn van swart Suid-Afrikaanse werkers getransformeer
 - Die grondslag vir die moderne arbeidersbewegings gelê
 - Beduidende oorwinnings behaal wat werker se lewens verbeter het
 - Het aanleiding tot meer militante vorme van weerstand gegee
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)
- 1.4 1.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- ICU het vir werkers teen onreg opgestaan
 - Hulle het gesien dat swart werkers uitgebuit word
 - Hulle het gesien wanneer swart werkers mishandel was en daarteen opgetree
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)
- 1.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- Eenheid is krag (1 x 2) (2)

1.5 [Interpretasie, begrip en sintese van bewyse uit bronne – V3]

Kandidate met sommige van die volgende insluit:

- Stigting van die APO het tot die groei van nasionalisme in Suid-Afrika gelei (Bron 1A)
- Kleurlinge gemobiliseer teen die stigting van die Unie van Suid-Afrika (Bron 1A)
- APO-afgevaardigdes het namens alle Suid-Afrikaners na Londen gegaan om te betoog teen die toekenning van selfbestuur aan die voormalige Boererepublieke (Bron 1A)
- SANNC gestig om swart Suid-Afrikaners te verenig (Bron 1B)
- Geïnteresseer teen die Wet op Naturellegrond van 1913 (eie kennis)
- Geëis vir die einde van rassediskriminasie (Bron 1B)
- Die ICU het militante nasionalisme bevorder (Bron 1C)
- Werkers verenig en die werksomstandighede en lone verbeter (Bron 1C)
- ICU het die grondslag vir die arbeidersbewegings in Suid-Afrika gelê (eie kennis)
- ICU het die uitbuiting van die werkers gesien en ervaar en daarteen opgetree (Bron 1D)
- Gebruik stakings, boikotte, wegbly- en burgerlike ongehoorsaamheidstaktieke teen onregverdige wette (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. toon geen of min begrip oor hoe verskillende organisasies tot die groei van swart nasionalisme vanaf 1902 tot die 1930's bygedra het. • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. 	PUNTE 0–2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. toon begrip oor hoe verskillende organisasies tot die groei van swart nasionalisme vanaf 1902 tot die 1930's bygedra het. • Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. 	PUNTE 3–4
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse bv. demonstreer 'n deeglike begrip oor hoe verskillende organisasies tot die groei van swart nasionalisme vanaf 1902 tot die 1930's bygedra het. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. 	PUNTE 5–6

(6)
[50]

VRAAG 2: HOE HET VERSKILLENDEN ORGANISASIES AFRIKANER NASIONALISME VERSTERK?

- 2.1 2.1.1 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 2A – V1]*
- Vereniging van 'n bepaalde taalgroep
 - Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)
- 2.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Dit het Afrikaanssprekende Suid-Afrikanners verenig
 - Dit het die Afrikaner-identiteit gevorm
 - Om Afrikanners aan hul geskiedenis te herinner
 - Dit het 'n gevoel van trots vir die Afrikanners geskep
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)
- 2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Jongmense is langs die voertuie getroud
 - Paartjies het hul babas in die skadu van die waens gedoop (2 x 1) (2)
- 2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Om Afrikaner nasionalisme in Suid-Afrika te bevorder
 - Om Afrikaner kultuur te handhaaf
 - Ontwikkel 'n Afrikaner-ekonomie
 - Om beheer oor die Suid-Afrikaanse regering te verkry (4 x 1) (4)
- 2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Infiltrer organisasies en verkry beheer
 - Om Afrikanners na hul nederlaag tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog te verlos
 - Om die Afrikanervolk te verenig
 - Verseker dat Afrikanners hul regmatige plek in die Suid-Afrikaanse samelewing kry
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)
- 2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – L2]*
- Die HNP is deur lede van die Broederbond oorheers
 - Die HNP het openlik die belange van Afrikanners bevorder
 - Albei partye het hulle beywer teen Suid-Afrika om by Brittanje aan te sluit in die stryd teen Hitler se Duitsland
 - Beide partye het die belang van Afrikaanssprekende Suid-Afrikanners op die hart gedra
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)
- 2.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Reddingsdaadbond
 - Ossewabrandwag (2 x 1) (2)

- 2.3 2.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Dit is kragtig en invloedryk
 - Is in beheer van die ekonomie
 - Die Broederbond sal diegene wat nie lede is nie, onderdruk
 - Die Broederbond sal ander vertrap om die belange van Afrikaners te bevorder
 - Dit wys dat die Broederbond 'n geheime organisasie is
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)
- 2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Dit het verseker dat vriende en familie bevorder is in hoë posisies in alle organisasiestrukture
 - Diegene wat lede van die Broederbond geword het, het geld en werk gekry
 - Voorregte is aan Afrikaanssprekende Afrikaners gegee
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)
- 2.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 2B en Bron 2C – V3]*
- Bron 2B dui aan dat die Broederbond 'n geheime organisasie was en Bron 2C wys hulle dra maskers om hul identiteit weg te steek
 - Bron 2B dui aan dat sleutelposisies aan Broederbond-lede gegaan het, terwyl Bron 2C toon dat Afrikaners hoë posisies bekleed (leersakke en pakke dra)
 - Bron 2B dui aan dat die Broederbond nie geskroom het om medeburgers in die modder te trap om die Afrikanerbelange te bevorder nie, en Bron 2C toon dat die Broederbond op die ander vertrap het om Afrikaner nasionalisme te bevorder
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)
- 2.5 2.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*
- Handarbeiders
 - Mynwerkers
 - Spoorwegwerkers
 - Messelaars (Enige 2 x 1) (2)
- 2.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Hulle was deel van die volk
 - Hulle is ook deur die Britse onderdrukkers verneder
 - Hulle was Afrikaanssprekend en sou 'n aanwinst tydens verkiesings wees
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)
- 2.5.3 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 2D – V2]*
- Kapitalisme in belang van die volk
 - Samevoeging en koördinering van Afrikanergeld aan Afrikaner finansiële instellings
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.5.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

- Sanlam
- Volkskas

(2 x 1) (2)

2.5.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Afrikaners het hul spaargeld en surplus kapitaal by Afrikaanse finansiële instellings belê
- Om polisse by Afrikanerversekeringsmaatskappye uit te neem
- Om hul huise deur Afrikanerbouverenigings te bou
- Om hul inkopies by Afrikanerwinkels te doen
- Lenings gegee om die armblankes op te hef
- Enige ander relevante antwoord

(Enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, begrip en sintese van bewyse uit bronne – V3]*

Kandidate moet sommige van die volgende insluit:

- Afrikaner nasionalisme herleef met Eeufeesvieringe (Bron 2A)
- Die Eeufeesvieringe het wye steun gekry en Afrikanernasionalisme versterk (eie kennis)
- Kinders is gedoop, paartjies het getrou en strate hernoem (Bron 2A)
- Die Broederbond het ten doel gehad om beheer oor die regering oor te neem (Bron 2B)
- Die Reddingsdaadbond het ten doel gehad om armblankes ekonomies op te hef (Bron 2B)
- Die Ossewabrandwag het vir die regte van die Afrikaner geveg
- Die Broederbond gestig om Afrikanernasionalisme en belangstelling te bevorder (Bron 2B en Bron 2C)
- Die Broederbond verseker dat familie en vriende in hoë poste aangestel word (Bron 2B en Bron 2C)
- Die Afrikaner Broederbond wou verseker dat Afrikaners hul regmatige plek in Suid-Afrika kry (eie kennis)
- Afrikanernasionalisme bevorder deur besighede (Bron 2C en Bron 2D)
- Afrikaners het hul geld deur Afrikaner finansiële instellings saamgevoeg en gekoördineer (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. toon geen of min begrip oor hoe verskillende organisasies Afrikaner Nasionalisme in die 1900's versterk het. • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. 	PUNTE 0–2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. toon begrip oor hoe verskillende organisasies Afrikaner Nasionalisme in die 1900's versterk het. • Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. 	PUNTE 3–4
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse bv. demonstreer 'n deeglike begrip oor hoe verskillende organisasies Afrikaner Nasionalisme in die 1900's versterk het. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. 	PUNTE 5–6

(6)
[50]

VRAAG 3: HOE HET DIE PASWETSTELSEL TOT DIE SHARPEVILLE-SLAGTING IN DIE 1960's GELEI?

- 3.1 3.1.1 *[Verduideliking van historiese konsep uit Bron 3A – V1]*
- Die politieke, ekonomiese en sosiale skeiding van rasse op grond van hul velkleur
 - Afsonderlike ontwikkeling van verskillende rassegroepe
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)
- 3.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Hulle is as tweedeklas burgers van Suid-Afrika beskou
 - Hulle is onderdruk en gediskrimineer teen
 - Die apartheidsregering het geglo dat hulle hul politieke regte in die tuislande uitgeoefen het
 - Suid-Afrika het aan die wit minderheid behoort
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)
- 3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- 'n Minderheid, uitsluitlik wit kiesers (1 x 2) (2)
- 3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Dit het hulle verneder
 - Dit het die bewegings van swart Suid-Afrikane beheer
 - Dit het beperk waar hulle kon werk en woon
 - Hulle kan gearresteer word
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)
- 3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- "Izwe Lethu"/ Our Land (1 x 2) (2)
- 3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Die polisiekommissaris van Sharpeville is deur Robert Sobukwe oor die komende betoging ingelig
 - Die protes sal nie-gewelddadig wees
 - Mense was bereid om gearresteer te word omdat hulle nie passe dra nie
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)
- 3.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Toe draai hy haar om en sien dat haar bors weggeskiet is
 - Hy het na die bloed op sy hande gekyk
 - "My God, sy is weg" (Enige 2 x 1) (2)
- 3.2.4 *[Evalueer die betroubaarheid van bewyse uit Bron 3B – V3]*
- Hierdie bron is BETROUBAAR omdat:**
- Hierdie bron gee 'n ooggetuieverslag – eerstehandse inligting oor die Sharpeville-slagting
 - Dit dui aan wat werklik tussen die polisie en die optogte by Sharpeville gebeur het
 - Die geleentheid kan met ander bronne saamgewerk word
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

- 3.2.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Die polisie het nie betogers beveel om uiteen te gaan nie
 - Die polisie het lewendige ammunisie gebruik
 - Baie betogers is in die rug geskiet
 - Betogers was ongewapen
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)
- 3.3 3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Mense het gesterf vir die bevryding van Suid-Afrika
 - Dit het die onderdrukkende maatreëls aangedui wat deur die apartheidsregering gebruik is
 - Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)
- 3.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- 69 gedood
 - 180 gewond (2 x 1) (2)
- 3.4 3.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- Hoofman Albert Luthuli
 - Nelson Mandela (2 x 1) (2)
- 3.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Hulle het die beleid van apartheid gehandhaaf
 - Die polisie het die minderheidsregering beskerm
 - Dr Verwoerd het gedink dit sou die weerstandsbewegings stilmaak
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)
- 3.4.3 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 3D – V2]*
- Alle openbare vergaderings is verbied
 - Anti-apartheidsleiers en aktiviste is gearresteer en aangehou
 - Die ANC en PAC is verbied
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)
- 3.4.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Die mense sal regeer
 - Dat alle Suid-Afrikaners inspraak in die regering moet hê (politieke regte)
 - Die mense van Suid-Afrika sal nie stilgemaak word nie
 - Die stryd teen apartheid sal voortduur
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)
- 3.4.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- "Sharpeville was die begin van die einde van apartheid" (1 x 2) (2)

3.5 [Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Die mees rassistiese wet was Paswette (Bron 3A)
- Wet op Afskaffing van Passe en Koördineringswet het woede en protes onder Suid-Afrikaners veroorsaak (eie kennis)
- Paswette het die beweging van swart Suid-Afrikaners beheer (Bron 3A)
- Dit het beperk waar hulle kon werk en woon (Bron 3A)
- Die teenpas-veldtog het tot die Sharpeville-slagting gelei (Bron 3B)
- Swart Suid-Afrikaners het geweier om passe te dra (Bron 3B)
- Swart Suid-Afrikaners is sonder waarskuwing doodgeskiet (Bron 3B en Bron 3C)
- Hoofman Albert Luthuli en Nelson Mandela het hul passe in die openbaar verbrand (Bron 3D)
- Die Slagting het ook protes regoor die land ontlok (eie kennis)
- Weerstand teen apartheid het meer gewelddadig geword (Bron 3D)
- Gelei tot die vorming van MK en POQO (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. toon geen of min begrip oor hoe die paswetstelsel tot die Sharpeville-slagting in die 1960's gelei het. • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. 	PUNTE 0–2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. toon begrip oor hoe die paswetstelsel tot die Sharpeville-slagting in die 1960's gelei het. • Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. 	PUNTE: 3–4
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse bv. demonstreer 'n deeglike begrip oor hoe die paswetstelsel tot die Sharpeville-slagting in die 1960's gelei het. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. 	PUNTE: 5–6

(6)
[50]

AFDELING B: OPSTELVRAE

VRAAG 4: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA: SWART NASIONALISME

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur van analitiese en interpretasie vaardighede gebruik te maak.]

SINOPSIS

Kandidaat moet krities bespreek hoe Tweede Wêreldoorlog tot die groei van Swart nasionalisme in Suid-Afrika vanaf 1939 tot die 1950's bygedra het.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit.

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem en demonstreer hoe die Tweede Wêreldoorlog tot die groei van Swart Nasionalisme in Suid-Afrika bygedra het.

UITBREIDING

INVLOED VAN DIE TWEDE WÊRELDOORLOG

- Swart Suid-Afrikaners het 'n rol in die TWO teen Duitsland gespeel
- Swartes is nie toegelaat om gewere te dra nie
- In aanraking met die idees van demokrasie gekom
- Die TWO het gelei tot 'n ekonomiese opbloei wat tot 'n massiewe uitbreiding van die stedelike arbeidsmag gelei het
- Die aantal swart arbeiders het toegeneem namate hulle baie blankes vervang het wat oorlog toe gegaan het
- Verstedeliking het beduidende implikasies vir Afrika-nasionalisme gehad

ATLANTIESE HANDVES

- Geteken deur Brittanje en die VSA
- Belofte om die regte van alle mense op selfbeskikking te respekteer
- Het tot die stigting van VN en NAVO gelei
- VN verbind tot die verklaring van regte van alle burgers

AFRIKA EISE

- Nuwe President van die ANC dr. Alfred Xuma het die Atlantiese Handves ontleed, veral die klousules wat op Afrika van toepassing was
- 1943 het die ANC Xuma se dokument African Claims in South Africa aanvaar
- Dit het 'n Handves van Regte ingesluit, wat gevra het dat rassediskriminasie beëindig moet word en dat die stemreg ('franchise') na alle volwassenes uitgebrei moet word, ongeag ras
- Dit het die regverdige verdeling van grond, vryheid van handel vir Afrikane, die reg op gelyke en gratis onderwys vir alle Afrika-kindere, gelyke gesondheidsfasiliteite vir almal en die afskaffing van alle diskriminerende arbeidspraktyke geëis.

TERUGKERENDE SOLDATE

- Swart Suid-Afrikaners is geïnspireer met die idees van vryheid en demokrasie
- Hierdie idees het as gevolg van hul interaksie met soldate uit die buiteland ontstaan
- Die begeerte na vryheid het aanleiding gegee tot 'n groei in swart nasionalisme
- 20 000 swart Suid-Afrikaanse soldate wat gesamentlik deur die ANC, CPSA en die Vakbondbeweging georganiseer is, het na die einde van die Tweede Wêreldoorlog aan die oorwinningsoptog deelgeneem
- Diskriminasie teen swart soldate het ná die oorlog voortgeduur, aangesien terugkerende wit soldate elk 5 pond en 25 pond kleretoelaag ontvang het, terwyl swart Suid-Afrikaanse soldate 2 pond kontant en 'n kakiepak ter waarde van 2 pond ontvang het.

VERSKILLENDE SOORTE AFRIKAANSE NASIONALISME

- Jeug binne die ANC het ongeduldig geraak met die stadige vordering in die verkryging van vryheid en demokrasie
- Jong lede van die ANC het meer militant geword en die ANC-jeugliga gestig
- Die Jeugliga het die ANC daarvan beskuldig dat hy die elite verteenwoordig en nie die massas nie
- ANC-nasionalisme is 'Charterism' genoem
- ANC het vanaf 'n gematigde organisasie na 'n massabeweging van nasionale bevryding beweeg
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat.

[50]

VRAAG 5: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA: AFRIKANER NASIONALISME

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur van analitiese en interpretasie vaardighede gebruik te maak.]

SINOPSIS

Kandidate moet standpunt inneem of hulle saamstem of nie saamstem dat Afrikaner Nasionalisme nie iets was wat natuurlik ontwikkel het nie. Dit is op 'n baie doeltreffende manier geskep.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit.

- Inleiding: Kandidate moet standpunt inneem of hulle saamstem of nie saamstem met die stelling nie en hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

UITBREIDING

- Afrikaners het hulself gesien as 'n volk wat deur God uitverkies is
- Die idee van 'n volk het die hoeksteen van Afrikaner nasionalisme geword
- Nasionaliste was vasbeslote om die volk te beskerm teen oorheersing deur ander etniese en taalgroepe
- Afrikaner-identiteit moes bewaar word
- Afrikaners moes as 'n nasie verenig bly
- Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Christelike Nasionale Onderwys (CNE) was die bewaarders van Afrikaner-erfenis
- Kinders sou moedertaalonderrig ontvang
- Onderwys en godsdiens het Afrikanerdenke gelei en hul taal en kultuur lewendig gehou
- Die Broederbond het Afrikaner-nasionalisme bevorder en die uitbuiting van Afrikaner-werkers voorkom
- Eerste Afrikaanse bouvereniging genaamd Saambou
- Afrikanerbesighede bevorder – Naspers, Die Burger, Santam, Sanlam, Volkskas bank
- Die Reddingsdaadbond het verseker dat Afrikanerbesighede deur Afrikaners ondersteun word
- Armblanke probleem opgelos deur werk by die spoorweg en hawens te skep
- Die Eeufeesviering van die Groot Trek het Afrikanernasionalisme versterk
- Rol van vroue
- Die Nasionale Party het na vore getree as 'n dominante politieke mag in die bevordering van Afrikaner nasionalisme
- NP het die eis vir 'apartheid' as die sentrale slagspreuk in hul veldtog voorgehou
- Blanke oppergesag moes by alle koste gehandhaaf word
- Nasionalis het die blankes bang gemaak met die idee van 'n 'swart gevaar'
- Afrikaner nasionalistiese beleid het 'n beroep gedoen op wit boere wat teen die beweging van Afrikane na stede was
- Die NP het kiesers belowe dat hul werk beskerm sal word deur die toepassing van die werkreserwewette
- Afrikaans-sprekende Afrikaners het die NP in die 1948-verkiesing aan bewind gestem

- Die NP-leier, D.R. Malan het die nuwe eerste minister geword
- Apartheidswetgewing is ingestel
- Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat.

[50]

VRAAG 6: APARTHEID SUID-AFRIKA – 1940's tot 1960's

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur van analitiese en interpretasie vaardighede gebruik te maak.]

SINOPSIS

Kandidate moet verduidelik tot watter mate Swart Suid-Afrikaners in die 1950's teen hul diskriminasie en onderdrukking in opstand gekom het.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit.

Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem en aandui tot watter mate Swart Suid-Afrikaners in die 1950's in opstand gekom het teen hul diskriminasie en onderdrukking.

Hulle moet hul reaksie met relevante historiese bewyse staaf.

UITBREIDING

- ANC se Program van Aksie
- ANC word meer militant
- Gebruik boikotte, burgerlike ongehoorsaamheid en opstande as middel van verset
- Meidag wegbly-protasaksie
- Versetveldtog
- 1952 – breek wette doelbewus – betree slegs blankes fasiliteite
- Verbrand passe in die openbaar
- Het geweier om boetes te betaal en wou hê dat tronke oorvol word
- Gehoop dat die apartheidsstelsel sou verbreek
- Sommige vermoor en gearresteer
- Kongresalliansie
- Konferensie gehou van alle rassegroepe om 'n grondwet op te stel
- Vryheidsmanifes
- Ontmoet by Kliptown op 25 en 26 Junie 1955
- Stel 'n dokument op wat die aspirasies van alle Suid-Afrikaners verteenwoordig
- Het die bloudruk vir die nuwe grondwet van Suid-Afrika geword
- Vroue-optog na Pretoria (9 Augustus 1956)
- Vroue gedwing om passe te dra
- 20 000 vroue van alle rasse het na die Uniegebou opgeruk
- Leiers van die optog – Lilian Ngoyi, Rahima Moosa, Sophie Williams en Helen Joseph
- Die eerste minister, J.G. Strijdom het geweier om die vroue te sien
- Toe hulle weg is – het *Nkosi Sikeleli Africa* gesing
- Hoogverraad
- Uitdaging teen apartheid het tot die arrestasie van lede van die Kongres Alliansie gelei
- Gearresteer vir poging om die regering omver te werp
- In 1956 het die staat 156 aktiviste gearresteer
- Verhoor het vir twee jaar in die 'Drill Hall' plaasgevind

- Doel van die regering was om mense te intimideer en tot verswakking van weerstand te lei
- Teen 1961 is alle beskuldigdes vrygelaat
- Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. [50]

TOTAAL: 150